**Woensdag 12 Julie**
**Skrifgedeelte: Sagaria 3 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Sagaria 3:2-4**
**Die HERE reinig vir dienswerk**

Hoe gebeur dit dat ’n sondige mens dienswerk kan verrig in God se koninkryk? Sagaria, die profeet van die HERE, vertel. In die vierde gesig in die nag maak die HERE dit vir hom oop. Die HERE maak sy leiers en mense gereed. So was dit met Aäron tydens die inwyding van die tabernakel in die woestyn (Eks. 29). So ook Jesaja met sy roeping (Jes. 6). Hier reinig die HERE Jesua, die hoëpriester.

Hierdie reiniging van Jesua het nie net betrekking op Jesua nie. Sy reiniging is ’n teken, in werklikheid die waarborg, dat die volk deur God vergewe en die skuld weggeneem is. Onthou, Sagaria het opgetree in die tyd van Esra en Nehemia met die volk wat uit die ballingskap teruggekeer het. Alles moes herbou word. Die gedagte word beklemtoon dat God die HERE se teenwoordigheid in die tempel en in die dienswerk van die volk herstel moet word. God moet weer die middelpunt van hulle bestaan word.

Maar hoe? Die volk was weens hulle sonde weggevoer in ballingskap. Hulle het God verlaat, maar Hy het hulle nie verlaat nie. Satan kom juis in dié tyd met sy aanklag teen Jesua. Die aanklag van Satan word egter bestraf met die woorde van die HERE:

- Hierdie een is ’n brandhout wat uit die vuur geruk is.
- Dan volg die reinigende handeling – neem die vuil klere weg en beklee hom met feesklere.

Hierin sien ons die reinigende voldoeningswerk van ons Here Jesus Christus – vir Jesua en vir ons. Hy behartig ons saak. Hy rus ons verder toe met sy Gees en Woord om sy verlossingswerk in sy kerk en in die gemeenskap uit te dra. Met die geloofsoog wat op Hom gerig is, sal ons in sy weë wandel (3:8).

*Sing: Psalm 63-1:1, 4*
*Ds. MJ Smidt (Tinus) (emeritus)*